GCBBV NUUSBRIEF
GCFPA NEWSLETTER

GCFPA OFFICE: 022 931 2083 / admin@cederbergfpa.co.za
FACEBOOK: Greater Cederberg Fire Protection Association
WEBSITE: HTTP://CEDERBERGFPA.CO.ZA

DESEMBER / DECEMBER 2021

INHOUD

1. VOORWOORD
2. WCUFPA
3. BRANDBESTUURSPLANNE
4. WoF PRODUKSIE
5. PORTERVILLE GAAN KANADA TOE
6. OPLEIDING
7. ARE YOU FIRE READY?
8. SANTAM SKENK TOERUSTING
9. AL GEHOOR VAN ' DROP A PIN"?
10. SEISOENALE VOORSPELLING
11. GCFPA MEMBERSHIP
12. LUGONDERSTEUNING
13. FIRE LINE SAFETY
14. AFSLUITING / CONCLUSION

1. VOORWOORD

Nog 'n jaar kom tot einde en ek voel dis net gepas om 'n oomblik stil te staan en te reflekteer. Waar ons as lede van die GCBBV steeds vasgevang is in die greep van die landwye pandemie wil ek almal bedank vir jul toegewyde ondersteuning en die absolute waardevolle samewerking wat ons beleef. Die pandemie, asook die voorafgaande droogte, het 'n impak gehad op elkeen van ons. Dit is nou belangriker as ooit dat ons as 'n vereniging moet saamwerk om verdere rampe en katastrofiese vure te verhoed en die impak daarvan tot die minimum te beperk.

Na 'n paar goeie reënval seisoene kan ons nie anders as om dankbaar te wees nie. Maar, soos die somer nader kruip en ons dae al hoe warmer begin raak, raak die realiteit van vure ook meer. Daarmee saam kom die verhoogde risiko vir meer, groter brande as gevolg van 'n groter brandlading. Dus is dit my pleidooi dat, soos met vorige jare, ons nie op ons louere sal rus nie, maar aanhoudelik pro-aktief sal wees. Gee uitvoer aan bestuursplanne, sorg dat noodnommers aan almal beskikbaar is, rapporteer enige teken van rook of brande so gou as moontlik, en kom ons poog om alle brande wat op eiendomme begin so gou as moontlik onder beheer te bring en te blus.

Soos vorige jare sal daar weer 'n brandverbod in werking wees van 1 Desember 2021 tot 30 Maart 2022. Rapporteer alle ongemagtigde vure so gou moontlik. Slegs deur middel van almal se samewerking kan ons brande rapporteer, blus en probeer verhoed dat dit verander in megavure wat skade aan eiendom, boorde en gewasse kan veroorsaak - of dalk nog erger, tot lewensverlies kan lei.

Ek wil ook die personeel van ons Porterville kantoor bedank vir hul volgehoue en toegewyde diens wat hul lewer en aanhou lewer het al was ons binne die pandemie krisis. Aan al ons lede wat tans besig of in proses is om koring te stroop, gewasse aan te plant, of voorbereidings tref om te oes wil ek alle voorspoed en sterkte toewens en mag u die vrugte pluk van u harde werk!

Laastens wil ek vir almal 'n Geseënde Feestyd toewens saam met u gesinne en families. Indien u weggaan, ry versigtig en kom veilig terug na u wonings.
- ***Bertus Senekal, WKDM Brandweerhoof / GCBBV Voorsitter***

2. WESTERN CAPE UMBRELLA FIRE PROTECTION ASSOCIATION NPC (WCUFPA) (TESSA OLIVER)

The past year has been a mixed bag for the WCUFPA and indeed for all UFPAs across the country. Notwithstanding the restrictions imposed by various lockdowns, we have had online meetings, in person meetings and some hybrid meetings in order to make sure we represent our landowners at all levels of government.

In January the WCUFPA appointed a new manager, Tessa Oliver. She previously worked as a project manager and has implemented many Fire Risk Reduction projects, such as the GEF FynbosFire Project, which provided a lot of support to the GCFPA and other local FPAs since 2012.

The ending of the Working on Fire Contract on 31 March 2021 was a big concern to all FPAs and from the UFPA side we engaged with National Bodies in order to get clarity on what the way forward was going to be and if our FPAs would be resourced with WoF teams. This saga is ongoing and a new tender has not been awarded yet, which puts the Western Cape in a precarious position for our upcoming 2021/22 fire season. Our partners at CapeNature and SANParks have also put plans in place to be prepared for the fire season.

One of the issues affecting landowners across the country is that fire break exemptions are not being signed off on. According to the National Veld and Forest Fire Act of 1998, only the Minister can sign off on exemptions and unfortunately this has not been happening for a number of years. This is extremely frustration for all FPAs as they feel they are letting their members down. As a member of the National Veld and Forest Fire Advisory forum, we have tried to engage with the relevant officials at the Forestry section of DFFE and find out how to expedite the process. This resulted in a submission to the relevant Parliamentary Commission in September and we await feedback from them. A restructure of the Forestry section is imminent and this will probably result in further delays, but we are hopeful that a more streamlined structure means that there will be new officials to deal with FPA matters.

3. BRANDBESTUURSPLANNE

Die GCBBV bestuurspan het tydens die pandemie verskeie brandbestuursplanne voltooi en is tans besig met die voltooiing van verskeie andere. Daar bestaan egter op nasionale vlak verskeie uitdagings rakende die kapasiteit om die bestuursplanne verder af te handel. Die GCBBV is in samewerking met die Wes-Kaapse Sambreel Brandvereniging besig om 'n protokol op te stel, sodat die bestuursplanne op 'n laer vlak goedgekeur kan word en om dan 'n aanbeveling te maak aan die Minister om vrystellings te bekom. Graag word lede aangemoedig om wel hulle bestuursplanne te implementeer.

4. WOF PRODUKSIE

Die Working On Fire spanne was gedurende die afgelope paar maande werksaam by verskeie projekte, waarvan almal met groot sukses voltooi is. Lede in die bestuurseenhede van Koue-Bokkeveld, Riebeeck Vallei, Piket-Bo-Berg, Groot-Winterhoek, Cederberg Bewarea, Paardeberg en Aurora is bygestaan.

Produksie het ingesluit: 11.3 ha brandbane, indringerplantebeheer van 9,9 ha, en die voltooiing van ongeveer 273.3ha beheerde brande.

Die spanne lewer werk van 'n hoë standaard en verseker dat hoë brandgevaar risiko's op u eiendom verminder word. Al hierdie prosesse help grondeienaars om aan die Brandwet te voldoen. Lede wat wil gebruik maak van die Working On Fire spanne kan die GCBBV kantoor kontak vir 'n konsultasie om u brandrisiko te verminder.

5. PORTERVILLE GAAN KANADA TOE

Jacqwin Klaase, lid van die Porterville Working On Fire Span, was een van die 100 brandbestryders wat op 10 Augustus 2021 na Kanada ontplooi is om hulle te gaan bystaan met brande in die woude van Manitoba. Jacqwin deel met oorgawe sy ondervinding met ons as volg:.

"Dit was vir my soortgelyk aan die Knysna vuur van 2017 omdat die Knysna woude baie dieselfde is as die Manitoba woude.

Ons het in groepe van vyf gewerk, elkeen met sy eie taak om te verseker dat die vuur nie verder skade aanrig as wat alreeds gedoen is nie. Waterpype is gelê en gelas met sowat vyftig pype van die waterbron af, wat dan weer gekoppel was aan verskeie pompe. Dit was baie belangrik dat die ondergrondse vuur geblus moes word. Jou vermoë om waterpype op verskillende maniere op te rol was getoets en sommige kere was die druk baie hoog en jou energie vlakke maar laag! Die ervaring was iets wat ek altyd sal koester. Van bere, koue woude en die vriendelike Kanadese sal ek 2021 altyd onthou. DISSIPLINE BRING SUKSES!!".

6. OPLEIDING

Die GCBBV het vanjaar in samewerking met Enviro Wildfire, die geleentheid gebied aan grondeienaars om hul personeel opleiding te gee in Basiese Brandbestryding. 'n Totaal van sestig (60) personeellede is op verskeie eiendomme opgelei en het reeds hul sertifikate ontvang.

7. ARE YOU FIRE READY?

Fire Season starts every year on 1st December and ends on 30th April. Preparing your property against fire hazards should be your top management priority to ensure there is no severe damage to your property.

Use the below 'tick off' list for your essential preparations:

- Keep your fire breaks updated and establish new ones where necessary;
- Make sure fire fighting equipment is in a working condition and you have sufficient trained personnel that knows how to use the equipment - personnel that are not properly trained and equipped can be a huge risk;
- Contact the GCFPA office if you are not already on your FMU WhatsApp group to have your number added. These groups have been proven to be very effective for reporting fires and communication during fires;
- Always have an 'easy to reach' responsible contact person on your property to report fires and to initiate fire fighting operations;
- If you host tourist, make sure that they are aware of the fire risks and rules regarding the use of fires.

BE prepared at all times!

8. SANTAM SKENK BRANDTOERUSTING (artikel deur News24 gepubliseer)

'n Vennootskap tussen Weskus Distriksmunisipaliteit se brandweerdiens en Santam was 'n welkome hupstoot vir die streek se brandweerdiens. Die distriksmunisipaliteit verwys in 'n verklaring na veld- en struktuur-brande wat jaarliks miljoene rande se skade aan eiendomme aanrig en die lewe van mens en dier bedreig.

"Om die beste diens moontlik aan die gemeenskap te lewer, is dit uiters belangrik om die nodige hulpbronne en strategieë te hê. Hierdie vennootskap van meer as R700 000, sal help om 'n meer doeltreffende brandweerdiens te bedryf en die skade wat brande aanrig, te help verminder," lui die verklaring.

Wilhelm Markus (direkteur), Simon Morilly (Santam), Bertus Senekal (brandweerhoof) en Boffie Strydom (raadslid) by die oorhandiging van die toerusting.

Die skenking sluit in: Vier staaldamme wat by die onderskeie vliegvelde in die Weskus opgerig gaan word om die waterkapasiteit tydens lugsteunoperasies te vermeerder; agt volledige "bunker suits" vir pas aangestelde brandweerpersoneel; agt brandweerwaentjies met 1000L tenke wat in die streek by grondeienaars in risikogebiede uitgeplaas is. Dit sal help met spoedige optrede sou 'n brand ontstaan en om brandskade te beperk; 'n bydrae tot beskermde kleredrag vir die Weskus Distrik Munisipaliteit grondspan wat bystand in groot brande in die gebied bied.

Volgens Bertus Senekal, die WKDM se brandweerhoof, is dit 'n welkome bydrae en gaan die ekstra hulpbronne 'n groot verskil in die brandweer se optredes in die streek maak.

"Om 'n brandweerdiens optimaal te laat funksioneer, is duur en kompleks. Die Weskus Brandweerdiens probeer altyd om die diens wat ons aan die publiek lewer te verbeter, maar die begroting is altyd 'n groot uitdaging en daarom is sulke vennootskappe baie belangrik vir ons", het Senekal gesê.

Die Weskus Brandweerdiens is trots op sy goeie samewerkingsooreenkomste met plaaslike munisipaliteite, Working On Fire, CapeNature en die plaaslike brandbeskermingsvereniging. Met die hulp en samewerking van die publiek kan skade wat brande inhou, tot 'n minimum beperk word. Om 'n brand aan te meld of die brandweerdiens te ontbied, skakel 022 433 8700.

9. AL GEHOOR VAN 'DROP A PIN'?

Hierdie stelsel word gebruik om die ligging van die brand op jou BBV bestuurseenheid groep te plaas. Hierdie verseker dat almal op die groep weet waar die brand is en onmiddellike aksie kan geneem word. Kontak gerus die GCBBV kantoor indien u meer duidelikheid verlang.

10. OORSIG EN OPSOMMING VAN DIE SEISOENALE VOORSPELLING VIR SUID-AFRIKA: NOVEMBER 2021 tot MAART 2022 – (Henning Grobler)

Die El Niño Suidelike Ossillasie (ENSO) is tans in 'n verswakte La-Nina fase en die huidige modeldata dui aan dat dit waarskynlik onveranderd sal bly gedurende die somer. In die mid-somerseisoen begin ENSO 'n belangrike rol speel in ons somerreënval-streek. Die moontlikheid van 'n swak La Niña gedurende somer sal waarskynlik bevorderlik wees vir normaal- tot bo-normale reënval in die tydperk.

Die multimodel-reënvalvoorspelling dui meestal bo-normale reënval aan oor die grootste gedeelte van die land, insluitend die Cederberg streek, gedurende die somer. Daar word verwag dat die suid-westelike helfte, wat buite die somerreënvalstreek val, bo-normale reënval sal kry gedurende die somer (November-Maart). Bo-normale minimum- en maksimumtemperature sal na verwagting voorkom oor die Cederberg streek gedurende die somer seisoen.

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens monitor voortdurend die nuutste model vooruitsigte en sal enige beduidende veranderinge kommunikeer. Verder vind deurlopende toekomstige assesserings en monitering plaas, wat meer duidelikheid sal verskaf oor die huidige verwagtinge sodat die nodige aanpassings gedoen kan word.



November-December-January 2021/22 (NDJ; left), December-January-February 2021/22 (DJF; middle), January-February-March 2022 (JFF; right) seasonal maximum temperature prediction. Maps indicate the highest probability from three probabilistic categories namely Above-Normal, Near-Normal and Below-Normal.

11. GCFPA MEMBERSHIP

A landowner is only a member of the GCFPA if their annual membership fees are fully paid up. All our current members have by now received their invoices and account statements. There are, however, still some members who are still in arrears. Please ensure that your membership is paid up, to qualify for all the advantages of membership. Please use your membership number on your invoice as reference number when making an electronic payment. If you need any assistance regarding your membership statements, please contact Jacomien Britz at jacomien@cederbergfpa.co.za.

12. LUGONDERSTEUNING 2021/2022 VUURSEISOEN (Bertus Senekal)

Working On Fire se tender vir Lugondersteuning is nog nie goedgekeur vir die huidige vuurseisoen nie, dus is daar geen kontrak om op te *'piggy back'* soos vorige jare vir *'initial attack'* nie.

Provinsie se lugsteun tender is ook nog nie goedgekeur nie en dit is onseker wanneer dit wel gaan gebeur. Derhalwe het die Weskus Distrikmunisipaliteit (WKDM) ook hulle eie tender geadverteer, dit sluit eers op 17 Desember 2021. Daarna sal dit deur die voorgeskrewe evaluering en goedkeuring prosesse gaan. Dit sal derhalwe eers laat in Januarie 2022 of vroeg in Februarie 2022 toegeken word.

Die WKDM onderneem om nog steeds van hulp te wees sover hulle kan. Maar fondse is beperk. Lede word dus versoek dat hulle moet verseker dat hulle versekering in plek is vir lugondersteuning gedurende die komende seisoen!

Lede sal ingelig word sodra die situasie verander.

13. FIRE LINE SAFETY (Engela Celliers)

I recently attended a fire line safety course and I would like to share the most important key aspects with members in order to ensure that all involved in the suppression operation remains safe.

Fire reporting:	**CALL AND INFORM YOUR LOCAL FIRE BRIGADE SERVICES, NEIGHBOURS and the GCFPA** **DROP A PIN ON YOUR GCFPA WHATSAPP GROUP –** *ensure that all members are informed* **RESPOND TO FIRES IMMEDIATELY -** *Call for additional resources - these can always be stood down if not needed*
On your way to the fire:	**BE CALM –** *a calm person can think clearly and make logical decisions* **DO NOT OVER SPEED WHILE DRIVING TO THE FIRE –** *drive cautiously at all times* **PREVENT CELL PHONE DECISIONS WHILE DRIVING**
At the fire:	**SIZE UP THE FIRE –** you can't fight the fire unless you know where and how big the fire is **KNOW AND BE AWARE OF YOUR SURROUNDINGS –** things can change quickly **IDENTIFY SAFETY ZONES AND ESCAPE ROUTES –** always park vehicle facing away from the fire and never lock vehicles **FIGHT THE FIRE IN AN AGGRESSIVE BUT SAFE MANNER – SAFETY** of **STAFF** is a key priority, keeping in the mind the following variables that can change! **WEATHER, FUEL LOAD AND TOPOGRAPHY** **HAZARDS** in field: be prepared - for example power lines, falling burned trees and branches, smoke Inhalation, dehydration and heat exhaustion **ESTABLISH AND MAINTAIN GOOD COMMUNICATION** at all times **NO NAPPING ON THE FIRE LINE** – it is common that when things slow down at a fire, tired fire fighters wants to grab a nap on the fire line. **REMAIN CALM!**
After the fire:	**ENSURE THAT ALL FIRE LINES ARE CONTAINED BEFORE LEAVING** **INFORM NEIGHBOURS and WHATSAPP MEMBERS** that the fire is contained **CHECK YOUR VEHICLE FOR ANY BREAKAGE** before leaving the fire scene **DO NOT RUSH BACK HOME AFTER A FIRE**

IMPORTANT: Fire drills should be practice before and during the season!!

14. AFSLUITING / CONCLUSION (Charl du Plessis)

I would like to thank the following individuals and organisations for their contribution in ensuring the continuous support and contribution in making the Greater Cederberg Fire Protection Association successful, in a really challenging time.

- All our members
- Western Cape Department of Disaster Management;
- Fire Brigade Services (West Coast, Cape Winelands and Namakwa DM's) and their staff in assisting members during fire suppression operations;
- The Western Cape Umbrella Fire Protection Association;
- Working On Fire;
- Kishugu Aviation and
- SANTAM for their donation towards fire fighting equipment and protective clothing.

I would like to wish you a safe and blessed festive season and a prosperous 2022!

BE SAFE!

Greater Cederberg
Fire Protection Association

NOODNOMMERS / EMERGENCY NUMBERS

WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT: 022 433 8700

KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT: 021 877 4446

NAMAKWA DISTRIKSMUNISIPALITEIT: 027 341 8132

GROTER CEDERBERG BBV: 022 931 2083 (KANTOOR URE)

CHARL: (079 172 4340), EDRICH: (076 660 7540) and ENGELA: (083 603 3477)